Vir Huisgenoot; geskryf vir Maart 1966. – H.B.Th.

ONTWIKKELING IN ONS KULTUURLEWE, 1916-1966

191.A.1 (43)

Deur Professor H.B. Thom, Rektor van die Universiteit
van Stellenbosch en
Voorsitter van die F.A.K.

'n Behandeling van ons kulturele ontwikkeling gedurende die afgelope halfeeu kan maklik ontaard in 'n kroniek van die vernaamste gebeurtenisse wat in dié tyd van kulturele betekenis was. Hierteen moet ons waak.

So 'n behandeling moet nie in 'n menigte datums en besonderhede van gebeurtenisse verstrik raak nie; dit moet 'n beeld van 'n groot verloop gee, van die treffendste lyne, met klem op kragpunte, maar ook klem op swak plekke. Hierby moet ons dink aan die groot, erkende kultuurfaktore, soos kerk en skool en kuns en ekonomiese lewe; maar ook aan die georganiseerde kultuurmiddele, soos verenigings, byeenkomste en geleentheidsverrigtinge, en aan die individu, die individuele mens self, wat hom uitleef in en per slot van rekening lewe gee aan sowel die groot kultuurfaktor as die georganiseerde kultuurmiddel.

Met die jaar 1916 tree ons in die geskiedenis van die Afrikaner in 'n tyd van woeling, worsteling en selfs vertwyfeling. Die Eerste Wêreldoorlog was aan die gang; die Afrikaner was gesleep in 'n oorlog waarin hy nie wou wees nie; en op die slagvelde van Wes-Europa het 'n massaslagting plaasgevind soos daar voorheen nie bekend was nie. In Europa en elders het ook jong Afrikaners gesneuwel, wat bitterheid in ons land meer en meer laat oplaai het. Wat die groot wêreld daarbuite betref, het die belange en die strewes van klein volke nie getel nie. Die Afrikaanse volk was een van sulke klein volke.

Aldus/..........

Aldus staatkundig genegeer en vertrap het die Afrikaner verniet om begrip en bystand na buite gekyk. Wou hy hom handhaaf, soos sy selfrespek van hom geëis het, moes hy na binne kyk: hy moes sy krag vind in eie kring, in eie gemeenskap, eie kerk en skool en huis. En waar hy dan na binne gekyk het, het hy 'n beeld gevind wat oor die algemeen maar baie donker was.

Teen 1916 het die Afrikaner wel sy eie kerk gehad. Dit het geeskrag en Godsvertroue gegee, en was vir die Afrikaner inderdaad 'n magtige wapen vir selfbehoud, maar die kerk het hom nog van Nederlands bedien, en nie op ongedwonge wyse tot die Afrikaner in sy eie taal gespreek nie. Ook het die Afrikaner skole gehad, maar die voertaal was in baie gevalle Engels, en saam met Engels is ook Nederlands geleer, dog vir Afrikaans was daar ~~nog nie plek nie. Ook het~~ – ofskoon manne soos dr. D.F. Malan in die Suide en Gustav Preller in die Noorde hulle al sterk vir ons moedertaal beywer het – nog maar weinig plek. Ook het Afrikaners by sekere geleenthede byeen gekom, soos op Geloftedag (Dingaansfees van die ou dae) en Nuwejaarsdag, maar dit was min of meer lukraak en ongeorganiseerd. Daar was ook die bekende ou debatsverenigings, in dorpe en op die platteland, en hulle het beslis in 'n kulturele behoefte voorsien. Maar ook hier het Afrikaans nog nie sy plek gehad nie, behalwe wanneer die een of ander verspotte gediggie voorgedra is. Dit was die tyd toe elke spreker gaan sit het met die deftige betuiging: „Heb gezegd!"

Op tydelike gebied moes Afrikaners werk en worstel om aan die lewe te bly. Die verwoesting van die Anglo-Boere-Oorlog - saam met die smart van die kampe - was nog maar veertien jaar oud, en baie mense het in armoede vergaan.

In die donker beeld was daar darem 'n paar ligstrale:

genl./..........

<u>Die Burger</u> - <u>De Burger</u> soos hierdie koerant eers geheet het - het pas sy verskyning in Kaapstad gemaak; genl. Hertzog, uit die Botha-regering uitgesit, het die Nasionale Party gestig; en die Helpmekaar is in die lewe geroep, met die onmiddellike doel om lydende Afrikaners - by name slagoffers van die sg. Rebellie - te hulp te kom. Wat meer is, Die Huisgenoot het self ook die lig gesien en spoedig 'n vername kultuurfaktor in ons volkslewe geword. ~~Die betekenis van dié~~ Die betekenis van dié gebeurtenisse het mense destyds nog nie behoorlik besef nie, en dit word selfs vandag nog nie voldoende begryp nie. Hierdie gebeurtenisse het~~, wat hulle ook al op staatkundige en sosiaal-ekonomiese terrein beteken het,~~ vir Afrikaners die weg aangewys en hulle geleidelik saamgesnoer soos niks anders voorheen kon doen nie.

Die jare vanaf hierdie tyd tot by die begin van die Depressie (ongeveer 1929) was in baie opsigte jare van teleurstelling en swaarkry, maar die onmiskenbare tekens van ontwaking en vooruitgang was daar. Sanlam en Santam is deur 'n aantal vérsiende manne in die lewe geroep; die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, wat reeds in 1909 gestig was, het in 1921 by wyse van 'n wet van die Parlement volle erkenning gekry; dr. D.F. Malan het in 1925 die wetgewing in die Parlement ingedien, waardeur Afrikaans as amptelike taal van ons land aanvaar is; en Afrikaanse digters, prosaskrywers en ander kunstenaars het in toenemende getalle na vore getree.

Teen die jare 1929-1930 het die Afrikaanse kultuurlewe egter 'n beeld van ongekende versnippering en verbrokkeling vertoon. Daar was kerkrade, onderwysersverenigings, vrouverenigings, Helpmekaartakke, Dingaansfeeskomitees, jongeliedeverenigings en nog 'n hele aantal ander Afrikaanse liggame. En hulle was nie net tot één Provinsie beperk nie, maar het oor

al vier Provinsies en Suidwes-Afrika versprei gelê. Daar was egter geen band onder hulle nie, en dus geen eenheidsoptrede nie. Die één het, in die nastrewing van sy eie doelstellings, nie met die ander rekening gehou of saamgewerk nie. Onder die Provinsies was daar ook weinig voeling, en 'n gees van provinsialisme het opgekom, wat gedreig het om die fundamentele eenheid van die Afrikanerdom te verwoes. Só erg was die versnippering dat Afrikaanse organisasies mekaar dikwels - soms wel onbewus - teengewerk het. Onder hierdie omstandighede het die Afrikaner hom ernstig verswak gevind: tot groot dade, wat die gemobiliseerde geeskrag van die volk vereis het, was hy nie in staat nie.

Hierdie toestand van sake het leidende Afrikaners daartoe gebring om ernstige aandag te skenk aan die skepping van 'n eenheidsband. Die uitkoms was dat die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings in 1929 gestig is.

Die F.A.K. is - soos hy vandag ook nog bestaan - 'n federasie. Hy het geensins die identiteit van bestaande Afrikaanse organisasies vernietig of selfs aangetas nie, maar hy het hulle erken en gekom om as skakel tussen hulle te staan. Hulle het by die F.A.K. geaffilieër; die F.A.K. het hulle kragte opgevang, dit gekoördineer en gekanaliseer, om sodoende rigting aan die kulturele lewe van die Afrikaner te gee. Die Afrikanervolk het die betekenis van die F.A.K. ook ingesien; die volk het sy organisasies onder die F.A.K. ingeskakel, en hom as sy vernaamste mondstuk op kulturele gebied aanvaar. Waar daar wrywing tussen Afrikaanse organisasies was, het die F.A.K. opgetree en leiding aangegee met die één groot beginsel: nie die belange van die enkeling nie, maar die belange van die

Afrikanerdom/..........

Afrikanerdom as geheel. Sô het daar, organisatories ten minste, 'n groot mate van eenheid gekom en is kulturele verbrokkeling en versnippering grotendeels beëindig.

Met die stigting van die F.A.K. was die teken vir 'n nuwe ontwikkeling gegee; en die F.A.K. het self in verskeie opsigte die kanaal geword waarlangs die ontwikkeling gegaan het. In hierdie tyd het die Depressie gekom, wat deur sy materiële ellende 'n geweldige uitdaging aan die Afrikaner gestel het, 'n uitdaging waarvoor die Afrikaner van destyds gelukkig opgewasse was en wat hy met vasberadenheid aanvaar het.

In die jaar ná die stigting van die F.A.K. het een van ons vernaamste kultuurorganisasies ontstaan, nl. die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (S.A.S. en H.), wat ten slotte duisende Afrikaners van die S.A. Spoorweë sou saambind en gaandeweg werk van die allergrootste kultuurwaarde sou doen.

'n Jaar later is weer, deur bemiddeling van die F.A.K., die Sentrale Volksmonumente-Komitee in die lewe geroep. Hiermee het ons 'n organisasie gekry wat hom vir Afrikaanse volksmonumente in die algemeen sou beywer, maar wat hom vernaamlik verbind het om 'n groot Voortrekkermonument in die eeufeesjaar van die Groot Trek tot stand te bring. Dit was deur die werk van die Sentrale Volksmonumente-Komitee dat die Afrikanervolk eers by die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument en toe weer by die inwyding daarvan tot 'n aangrypende, besielende landswye getuienis van nasionale en kulturele eenheid gevoer is.

In 1934 het die groot Volkskongres in verband met die ontstemmende en alles-oorheersende vraagstuk van blanke armes plaasgevind. Die omvang en erns van hierdie vraagstuk kan

'n mens/........

'n mens goed begryp as jy daaraan dink dat nie minder as 300,000 mense toe tot die kategorie van blanke armes behoort het nie. En uit Afrikanercogpunt was die ontstellende feit verder dat omtrent almal van hierdie mense Afrikaners was. By die Volkskongres is hierdie vraagstuk met alle erns aangepak en van alle kante het mense hartlik saamgewerk. Afrikaners het getoon dat hulle eindelik besef het dat hulle kulturele belange en hulle stoflike belange nie los van mekaar staan nie, maar dat daar in werklikheid 'n baie noue verband is. Die groot waarheid het deurgedring, nl. dat 'n volk wat in armoede krepeer, nie kultureel kan bloei en presteer nie.

Dit is seker nie vreemd nie dat onmiddellik hierna die aandag van die volk, in groter mate as vroeër, op die ekonomiese terrein toegespits was. Nog in dieselfde jaar (1934) het die stigting van Volkskas gevolg, die eerste Afrikaanse handelsbank met 'n landswye arbeidsveld; en daarna het baie ander Afrikaanse sake-ondernemings hulle verskyning gemaak.

Die ontluikende geeskrag van Afrikaners het ook op ander maniere uiting gevind. Die eer kom die A.T.K.V. (S.A.S. en H.) toe dat hy in dié tyd op besondere wyse die kanaal hiervoor geskep het. Toe die behoefte allerweë gevoel is om die eeufees van die Groot Trek op waardige wyse te vier, het die A.T.K.V. met die gedagte van die Ossewatrek voor die dag gekom. Ter herinnering aan die blywende baanbrekerswerk van die Voortrekkergeslag het die kakebeenwaens in 1938 deur ons land getrek om eindelik buite Pretoria bymekaar te kom, waar die hoeksteen van die Voortrekkermonument gelê is. In die loop van die trekke van die ossewaens het geesdriftige

byeenkomste/...........

byeenkomste dwarsdeur die land plaasgevind, en 'n groot, indrukwekkende skare het die hoeksteenlegging bygewoon. Die Ossewatrek van 1938 was, vanaf die begin van ons geskiedenis tot dan toe, die grootste, treffendste en oortuigendste demonstrasie van die diepere, basiese siele-eenheid van die Afrikanerdom.

Dit sou baie vreemd gewees het indien so 'n magtige nasionale getuienis nie blywende resultate gelewer het nie. Ons vind dan ook dat die vyf jaar wat op die Ossewatrek gevolg het, 'n tyd van intense, bruisende geestesbedrywigheid was. Regstreeks uit die Ossewatrek is die verhewe reddingsdaadgedagte van Vader Kestell gebore: 'n Volk red homself, het die leuse geword wat Afrikaners weldra, onder die aktiewe leiding van Reddingsdaadbond, nie slegs in teorie aanvaar het nie, maar ook in die praktyk uitgeleef het.

Onmiddellik hierop het nog meer kultuuraksie van blywende waarde gevolg. Die Hugenote-Kwartmillennium is gevier, wat ons opnuut van die betekenis van ons Hugenote-erfenis bewus gemaak en begryplikerwyse veral in die Boland 'n diep indruk gelaat het. Die F.A.K. het 'n groot kongres op Bloemfontein belê, waar die belangrikheid van ons Christelike en nasionale beginsels in die onderwys beklemtoon is. Die F.A.K. het ook die Eerste Ekonomiese Volkskongres byeengebring, waar o.a. tot die stigting van die Ekonomiese Instituut besluit is. Daarna het die F.A.K. die groot kongres oor moedertaalonderwys (1943) gehou, waar Totius o.a. met vaste oortuiging verklaar het: „Geen potentaat ter wêreld sal ons van ons eindbestemming kan terughou nie. Meer kan ons nie, minder sal ons nie bereik nie."

Hiermee/..........

Hiermee was die aktiwiteit van dié veelbewoë jare nog nie verby nie. Die Tweede Wêreldoorlog was nou aan die gang - weer 'n oorlog waarin die Afrikaner nie wou wees nie - en dit het, net soos die Eerste Wêreldoorlog, die Afrikaner aangevuur om nasionaal en kultureel vorentoe te beur. Afrikaanse sakemanne het hulle terdeë van hulle gemeenskaplike belange as Afrikaners bewus geword, en met die oog hierop die Afrikaanse Handelsinstituut gestig, wat tot vandag toe 'n lewendige, vrugbare skakeling onder Afrikaners in die handel bewerkstellig.

Dit hoef ons seker nie te verbaas nie dat die rasseprobleem, wat voortdurend aanwesig was en nou juis veel meer onheilspellend op die voorgrond gekom het, ook besondere aandag geëis het. Die F.A.K. het ook hier 'n positiewe bydrae gelewer. Hy het gevoel dat die verhouding tussen blank en nie-blank nader ondersoek moet word, dat die Afrikaner hom van sy optrede in hierdie verband op openhartige wyse rekenskap moet gee, en dat die Afrikaner moet probeer om sy gedagtes vir die toekoms te formuleer. Vandaar dat die F.A.K. in 1944 oor hierdie probleem 'n Volkskongres gaan hou het, wat die oë van die Afrikaner meer as ooit tevore vir die dringendheid van hierdie vraagstuk geopen het.

Dit was hierdie werk van die F.A.K., saam met voorbereidende stappe van dosente aan die Universiteit van Stellenbosch, wat binne korte tyd uitgeloop het op die stigting van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede - Sabra, soos hierdie liggaam vandag algemeen bekend staan. Dat Sabra, in die kort tyd van sy bestaan, reeds veel gedoen het om aan Suid-Afrika voorligting in verband met rasseaangeleenthede te verskaf, sal iedereen geredelik toegee.

Hiermee/..........

Hiermee staan ons by die jongste gebeure op kulturele terrein. Wie sal die aangrypende inwyding van die Voortrekkermonument in 1949 vergeet, toe 'n kwartmiljoen Afrikaners bymekaar was om dankbare hulde aan 'n onverskrokke voorgeslag te bring? En wie sal die grootse Drie-Eeue-Fees, die Van Riebeeckfees, van twee-en-'n-half jaar later vergeet, toe ons onder die leuse Ons bou 'n Nasie byeengekom het? In 1954 kon die F.A.K. weer sy luisterryke Silwerjubileum-Kongres in Bloemfontein hou, toe honderde afgevaardigdes uit alle dele van ons land byeen was om in 'n gees van ootmoed en nederige dankbaarheid terug te kyk op wat die Afrikaner in vyf-en-twintig jaar wedervaar het.

Ook ander belangrike vordering is gemaak. Die Afrikaner se volkslied, Die Stem van Suid-Afrika, wat reeds in 1938 by die opening van die Parlement gespeel was, is na herhaalde en volgehoue vertoë in 1957 onder die leiding van Eerste Minister J.G. Strydom tot enigste volkslied van Suid-Afrika verklaar. En toe, in 1961, het ons die hoogtepunt bereik: na 'n dramatiese landswye referendum, waarmee Eerste Minister dr. H.F. Verwoerd in werklikheid sy hele politieke loopbaan op die spel geplaas het, het hy die Republiek, die lang-verwagte ideaal van die oorgrote meerderheid van Afrikaners, vir ons 'n werklikheid gemaak. Hierdie gebeurtenis, wat sedert die Anglo-Boere-Oorlog die allervernaamste gebeurtenis van ons geskiedenis is, word wel begryplikerwyse gewoonlik in die eerste plaas in terme van die staatkundige betekenis daarvan gesien, maar ons moet onthou dat dit ~~in werklikheid~~ 'n veel groter betekenis het. Dit het getoon dat die Afrikaner nou die volle verantwoordelikheid van sy selfstandigheid aanvaar het.

Hiermee/.........

Hiermee het ons nou in breë trekke die vordering gevolg wat ons in vyftig jaar gemaak het. Ons oorsig is begryplikerwyse geensins volledig nie. Ons het slegs hoofmomente aangestip ten einde aan die hand daarvan die algemene rigting aan te gee. Laat ons ten slotte die vraag probeer beantwoord: Wat spreek vir ons uit die voorgaande?

In die eerste plaas het ons 'n merkwaardige, geleidelike groei opgemerk. Hierdie groei het nie vanself gekom nie; inteendeel, dit het arbeid en stryd gekos. Dit het ook nie sonder teenslae en teleurstellings gekom nie. Veral gedurende die twee Wêreldoorloë en die Depressie was daar teenslae, maar dit is opmerklik dat dit juis die Wêreldoorloë en die Depressie met hulle teenslae was, wat ons volk tot nuwe inspanning aangespoor het, sodat ons vandag die resultate kan sien en die vrugte kan pluk.

In die tweede plaas sien ons in genoemde hoofmomente die manifestasies van 'n jeugdige, bruisende geestelike kragsontplooiing, wat kenmerkend van die Afrikaner gedurende die afgelope halfeeu is. Dit is 'n kragsontplooiing wat hom op alle gebiede van die kulturele lewe laat geld, en wat duideliker as ooit tevore die bewys gelewer het dat die Afrikanervolk, as produk van tyd en plek en bodem in Suid-Afrika, nie maar 'n verbygaande verskynsel is nie. Dit is hierdie feit wat ons as Calviniste nie maar as toeval wil en kan vertolk nie, maar wat ons as gepredestineerde Godsbeskikking erken en aanvaar.

In die derde plaas sien ons hoe ons volk kultureel mondig geword het. Dit is voorwaar 'n lang pad van die worsteljare van die Eerste Wêreldoorlog af, toe ons in eie kring

- dus/...........

- dus grotendeels in geestelike afsluiting die buitewêreld - ons beveiliging en verwesenliking gaan soek het, tot by die tyd wat ons vandag beleef wanneer ons, soos veral uit die werke van ons skrywers, digters en ander kunstenaars blyk, voor die wêreld verskyn en ons Afrikanerskap uitdra. Dis ook bemoedigend om waar te neem dat ons nie meer so gevoelig is vir meningsverskil in eie midde nie, en dat ons ook al in staat is om 'n bietjie vir onsself te lag.

In die vierde plaas het ons opgemerk hoe oneindig veel ons in die proses van ons kulturele vooruitgang aan leiersorganisasies en leierspersone verskuldig is. Hierdie vooruitgang is nou eenmaal nie denkbaar sonder organisasies soos bv. die Akademie, die F.A.K. en die A.T.K.V. nie, en sonder manne soos genl. Hertzog, dr. Malan, mnr. Strydom en dr. Verwoerd nie. Dit is wel waar dat hierdie organisasies en persone deur die dringende behoeftes van besondere tydsomstandighede na vore gebring is, maar dit is ewe waar dat hulle op hulle beurt weer 'n duidelike koers aangegee en 'n diepgaande invloed uitgeoefen het, soos sommige inderdaad vandag ook nog doen.

In die vyfde plaas lees ons in alles wat vooraf gegaan het, in hoë mate die uitwerking van die vordering wat die onderwys by die Afrikaner gemaak het. Die Afrikaner het die eienskap behou waarvan die ou Hugenote reeds op treffende wyse blyke gegee het: die Hugenote het nog nie tyd gehad om huise te bou nie, maar nog in hulle skermpies op die oop veld naby Stellenbosch gesit, toe hulle al die Regering genader het om 'n skool vir hulle kinders te vra!

Die Afrikaner het die waarde van die onderwys altyd

besef./........

besef. Die omstandighede waaronder hy die land bewoonbaar gemaak het, het die fasiliteite vir onderwys soms vrywel buite sy bereik geplaas. Maar hy het die waarde daarvan nooit vergeet nie. Laat daar geen twyfel oor bestaan nie: dit is die werk wat ons skole gedoen het om ons kinders vir die gewone eise van die lewe toe te rus, en die werk wat ons universiteite gedoen het om ons jongmense vir die vernaamste take van ons maatskappy voor te berei, wat gehelp het om ons te bring waar ons vandag staan.

Terwyl ons met dankbaarheid vervul is oor wat ons in vyftig jaar bereik het, moet ons egter boweal teen één ding waak: Ons durf mekaar nie vandag in ydele grootheidswaan op die skouer klop om in selfvoldaanheid op ons louere te rus nie. Dit sou ons onverbiddellik weer op die afdraand stoot. Laat ons eerder besef en weet dat, ondanks ons pragtige vordering, daar in die jongste tyd onrusbarende gevaartekens verskyn het: met ons taalhandhawing is dit nie na wens gesteld nie; in ons letterkunde is daar strominge wat ons met kommer vervul; ons nasionale feesdae wek nie meer die warmte van gevoel van vroeër op nie; materiële welvaart het 'n statusetiket geword.

Laat ons betyds gewaarsku wees. Het die magtige Romeinse Ryk van die Klassieke Oudheid dan nie ten onder gegaan toe die Romeine teveel gerief, weelde en rykdom gehad het nie? Het die glorietyd van die ou Portugese nie geëindig toe die Portugese teveel rykdom uit die Ooste in hulle land laat instroom het nie? En het die son van die ou Spanje nie ondergegaan toe die Spanjaarde teveel goud en silwer uit hulle Suid-Amerikaanse kolonies aangekarwei het nie?

Daarteenoor:/..........

Daarteenoor: Het die ou Egiptenare nie reeds duisende jare gelede 'n hoogstaande beskawing ontwikkel toe hulle met die water van die Nyl 'n tuiste aan die woestynsand moes ontworstel nie? Het die Nederlandse volk nie in die sewentiende eeu, toe hulle teen die magtige Spanje en teen die waters van die Noordsee 'n stryd op lewe en dood moes aanbind, hulle Goue Eeu beleef nie? En het die Switserse volk, wat letterlik die berge moes oorwin, nie 'n modelstaat en modelvolk in Europa gebou nie?

Die ontwikkeling van ons kultuurlewe in vyftig jaar toon vir ons skone hoogtepunte en 'n besielende resultaat. As die besieling van hierdie tyd vir ons nie net momenteel behaaglik is nie, maar ons blywend besiel tot volgehoue waaksaamheid en aksie, sal die skone van die verlede ook die skone van die toekoms baar. Want die Geskiedenis leer ons: Baie volke het al met rykdom en weelde ten onder gegaan, terwyl ander met smart en swaarkry onstuitbaar vorentoe gebeur het.

-----ooOoo-----